
# 49 Daar op 'n groene heuwelkruin




Al kan geen mensetong beskryf,
wat Hy vir ons moes dra,
tog weet ons Hy't vir ons gesterf
op daardie Golgota.

Om ons ontwil het Hy gesterf,
Hy reinig ons gemoed;
so kan ons eens die hemel erf,
hoe kosbaar Jesus bloed.

Geen ander was daartoe in staat,
vir sonde te betaal;
Hy kan die hemelpoort ontsluit,
slegs Hy ons binnehaal.

Hoe innig, innig het Hy lief;
laat ons Hom ook bemin,
help ons sy soenbloed meer vertrou,
en alle kwaad oorwin.

Cecil F. Alexander (1823-95) W. Horsley (1774-1858)